

16 September

Kolossense 4

(Teks: 4:2) Hou aan bid

Die mens van die twintigste eeu is besig om in tye van snelle verandering en ontsettende verwarring te leef. Dit is juis onder hierdie om-standighede dat daar 'n strewe ontstaan om die band van gemeenskap te versterk. Verskille moet oorbrug word en die mensdom, veral in die volkerewêreld, moet mekaar die broederhand reik en gemeenskap met mekaar seek. Is dit die weg tot 'n oplossing van die verwarring? Paulus toon die regte weg aan; gemeenskap, ja, maar dan gemeenskap met God." Volhard in die gebed." Hierdie oproep is ook nie onvanpas nie, want die gebedslewe word gedurig bedreig. Satan is juis in ons allerheiligste verrigtinge besig om ons gedagtes weg te lei en om ons moedeloos te maak. Die praktyk van die lewe is al te bevorderlik vir die verwaarlosing van die gebed, veral in die tyd waarin ons leef en die tye wat ons tegemoet gaan. Die stemme van menslike prestasie en die geroep om die gemeenskapsband van die volke onderling, dreig om die stem van die gebed te versmoor. Daarom moet ons wakker wees om God se almag in al sy werke te sien sodat ons Hom daarvoor kan loof en dank.

Satan trag om die gebed te laat verwaarloos omdat hy daarmee die asemhaling van die gelowige wil smoor. Wees dus wakker en nie slaperig in die gebedslewe nie. Alleen as ons aanhou bid kan ons wakker bly.

Sing Psalm 42:5

Ds. S.P.B. Buys (Emeritus)